Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

07 April 2017
Nr 13/2017

Sinodale nuus

- **Skrifinterpretasie en Skrifgesag: Konferensies** – aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus. **Sprekers**: *Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk*
  Die volgende byeenkomste vind plaas: **6 VBO-punte word verdien!**

20 April 2017 by NG Pietersburg-Noord [Dié **program** en **inskrywingsvorm** kan hier gelees word] –
Navrae: Rika van Rensburg, 012 420 6738 (08:00 – 13:00)
Sluitingsdatum vir inskrywings: 18 April 2017

- *27 Julie 2017* te Brits. Teken solank die datum aan! Volledige inligting volg later.

- **Bybel-lees met 'n verskil**

Die **volgende byeenkoms** vind op *11 April 2017* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: *Psalm 118*
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

Kollega nuus

- **Hospitaal/siekte**

Deon Groenewald (Renosterpoort) se vrou, Hester, ontvang kankerbehandeling.
Theuns Kriek (Warmbad) se broer is ernstig siek aan kanker.
Michiel van der Merwe (Stabilis) was in die hospitaal.

- **Verjaarsdagwense** Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

08/04 Rinus Wassermann [Wierdapark-Suid, 082 447 8427, dsrinus@ngwps.co.za]
Louis van Deventer [Emeritus, 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]
JP Weyers [Emeritus, 072 307 4991, patweyers@lantic.net]
09/04 Berto Boshoff [Emeritus, 083 629 2076, bertob@absamail.co.za]
13/04 Attie Beetge [Emeritus, 084 209 4750, attiebeetge@gmail.com]
14/04 Francois du Toit [Emeritus, 079 354 2240, fjdutoit@mweb.co.za]

15/04 Fanie Cronjé [Riviera-Jakaranda, 083 415 1452, sicronje@mweb.co.za]
George Hugo [Waterkloofrif, 082 461 1153, gjhugo7@gmail.com]
Chris Maritz [Emeritus, 072 633 6705, chris.maritz@gmail.com]

****

09/04 Grieta J van Vuuren [Harare, grieta.vv@gmail.com]
10/04 Karla de Jager [Thabazimbi, 072 475 8152, jzdjager@gmail.com]
15/04 Gerda Swart [Erasmia, 012-370 3894, snowyswart@telkomsa.net]

Gemeente nuus

- **Mootvallei Mark**: *8 April 2017* (08:00-12:00)
  Vlooimark, "Bootsale", verskeie kosstalletjies, tuisgemaakte produkte en watertand lekkernye! Gratis bloeddruk, bloedsuiker en ander gesondheidsdienste!
  Waar: h/v Louis Trichardt- & Morganlaan, Parktown

- **Universiteitsoord**: **'n Musiekaand vir Lydenstyd** – Donderdag, *13 April 2017* (19:00-20:00)
  Onder leiding van *Wim Viljoen* en die musiek van Caccini, Mozart, Gounod, Bach, Handel en Jenkins.
  Kom luister en sing saam!

- **Magaliesberg Gesinskerk [Marikana]: Magalies Musiekfees**: Saterdag *6 Mei 2017*.
  Waar: Buffelspoort (ATKV) - Hekke open **17:00!**; Verskeie stalletjies!
  Kaartjies: @ R150 – koop deur Ticketpro – kinders 7 jaar en jonger = gratis.
  Verskeie kunstenaars: Irene-Louise [19:00]; Loki Rothman en Hiram Koopman [20:00]; Adam [21:00] en Heuwels Fantasties [22:00]
  Navrae: Wilna van Gass, 082 415 8171

Nuus uit die kantoor van die Algemene Sinode

- **Die NG Kerk en die politieke leierskap in SA**
  Nelis Janse van Rensburg skryf namens die Moderatuur van die Algemene Sinode die volgende:

> "**Liewe lidmaat.**
> Die NG Kerk as instelling wil nie in party-politiek betrokke raak nie. Tog kon ons oor die afgelope jare nie swyg wanneer die president en regeringslui so optree dat dit die vrede, versoening en geregtigheid van ons mense in gedrang bring nie. Die kerk het immers 'n profetiese roeping om geregtigheid na te jaag en om veral die stem te wees vir die magteloses en die wat deur beleid en sisteme buite rekening gelaat word of benadeel word..." [Lees die volledige brief hier]

Ander nuus

- **Nuusbriewe**
  - **Bybel-Media nuus** [Besoek http://bybelmedia.org.za]
    Die Andrew Murrayprys: *Coenie Burger* en *Andries Cilliers* het die Andrew Murrayprys vir Afrikaanse teologiese boeke gewen met hulle boek oor die doop, *Ontvang wat vir jou gegee is*. Dié boek word beskou as verrassend nuut en vars in ons nadenke oor die doop. Volgens die beoordelaars slaag die skrywers daarin om die polemiese aard van vorige Afrikaanse boeke oor die doop te deurbreek. Burger en Cilliers skryf dat die doop, as dit reg verstaan word, juis 'n verenigende krag tussen denominasies en verskillende geloofsgroepe kan wees.

    Cordis Trust-pryse: Bybel-Media-boeke wen vanjaar vir die eerste keer sedert die ontstaan van die Cordis Trust-pryse albei die pryse vir Christelike boeke.
    Ontvang wat vir jou gegee is, 'n boek wat die unieke gawe van die doop prakties verduidelik, is vanjaar met die Bybel-Media-Cordis-Trust-prys vir oorspronklike Afrikaanse Christelike gesinspublikasies bekroon. Die skrywers van hierdie boek is die welbekende teoloë Andries Cilliers, predikant in die NG gemeente Sonstraal in Durbanville, en Coenie Burger, wat by Communitas en die Ekumeniese Sentrum van die US betrokke is.
    Kleuterpret Aanbiedersgids van Liana Lourens is bekroon met die Bybel-Media-CordisTrust-prys vir oor-spronklike Afrikaanse Christelike jeug- en/of kinderpublikasies. Die skrywer se ervaring met kinders word goed weerspieël in

die inhoud en gehalte van hierdie publikasie. Inderdaad 'n treffer wat met groot vrug in elke gemeente se kategeseprogram en deur ouers by die huis gebruik kan word.

Vir meer inligting en bestellings: Kontak BYBEL-MEDIA HANDEL by 0860 26 33 42 of bestel@bmedia.co.za. Besoek gerus ook ons webblad by bybelmedia.org.za

- **CLF-nuus**

  Sestig jaar van geseënde diens ... Vanjaar vier CLF ons 60ste verjaardag. Voorwaar 'n leeftyd se bediening waarin die boodskap van die Bybel deur gratis of bekostigbare lektuur aan miljoene mense van Suider-Afrika versprei is - in elkeen se taal. Die tema van die viering is heel gepas 'taalryk en kleurvol' want CLF se fokus is juis om lektuur in soveel tale moontlik te versprei, aan al die mense wat deel uitmaak van die reënboog van kleure en kulture in ons land, en dit in keurige en kleurvolle produkte.
  - **Vir bestellings en navrae** skakel 021 873 6964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za. Pamflette is ook aflaaibaar op www.clf.co.za of deur CLF se gratis slimfoon-toep.

- **Teo.co.za-nuusbrief** [Besoek *http://teo.co.za/*]

- **Toibo [Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys]** [Besoek *http://www.toibo.org.za*]

❖ **Harmonie Oord: Kamers beskikbaar**

Harmonie Oord is 'n veilige hawe vir selfversorgende ouer persone met 'n beperkte inkomste. Ontbyt en middagete word verskaf. Tans is daar 4 dubbel kamers wat geskik is vir egpare (@ R2 180 per maand) en 3 enkel kamers (@ R1 265 per maand) beskikbaar.
Navrae: Tel 012-440 3137, adminho@harmoniepark.co.za, www.harmoniepark.co.za.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Ons land.**
- **Heilige Week – Groot Lydensweek en Paasfees.**
- **Waterskaarste in die Kaap.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Andrew Murray, Pretoria: Vakature - Gemeentebestuurder**

Sperdatum vir aansoeke is *24 April 2017*
Vir enige navrae, kontak Stefan Botha gerus by 0828732528 / stefan@drcamp.co.za.

❖ **NG Kerk in SA: Hoofargivaris (Stellenbosch)** - http://kerkargief.co.za

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes-Kaapland) beskik tans oor 'n vakature vir 'n Hoofargivaris by die NG Kerk se Argief in Stellenbosch. Die datum van diensaanvaarding is *1 Julie 2017*.
Aansoekprosedure: Stuur u aansoek per e-pos saam met 'n volledige CV **voor** *10 Mei 2017* aan:
Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, NG Kerk in SA, Privaat sak X8, Bellville, 7535
E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za
Navrae: 021 957 7104 (Mnr Kenny Raats)

❖ **2016 Proponente**

Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:
- *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]

- *Antje du Plessis* [Kontak haar by antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Christo Schoeman* [082 775 4988; cjschoeman777@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - Kliek hier

BYLAES

Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Liewe lidmaat

Die NG Kerk as instelling wil nie in party-politiek betrokke raak nie. Tog kon ons oor die afgelope jare nie swyg wanneer die president en regeringslui so optree dat dit die vrede, versoening en geregtigheid van ons mense in gedrang bring nie. Die kerk het immers 'n profetiese roeping om geregtigheid na te jaag en om veral die stem te wees vir die magteloses en die wat deur beleid en sisteme buite rekening gelaat word of benadeel word.

Die NG Kerk het daarom die afgelope jare saam met die ekumeniese kerk in Suider-Afrika profeties geprotesteer teen verskeie vergrype van die regering en in die besonder teen die optrede en leierskap van die president, mnr. Jacob Zuma. Die NG Kerk is 'n baie aktiewe lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke wat reeds oor die laaste jare aktief en aanhoudend protesteer teen magsmisbruik en korrupsie in die regering. Die NG Kerk neem ook aktief deel aan die National Church Leaders Forum, tans onder leiding van Aartsbiskop Thabo Makgoba van die Anglikaanse Kerk. Ons het ook bande met die South African Christian Leaders Initiative (SACLI) en The Evangelical Alliance of South Africa (TEASA) met wie ons ten nouste saamwerk in ons protes teen magsmisbruik. Verder is daar die Tussen Kerklike Raad, 'n verband tussen die NG Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Saam met al hierdie liggame het ons die afgelope jare ernstige protes aangeteken en ons profetiese stem laat hoor.

Mnr. Zuma het meestal verkies om nie met die hoofstroom kerke te praat nie. Vertoë om met hom 'n afspraak te kry, is dikwels geïgnoreer of lank uitgestel. Mnr Zuma het vroeg in sy presidentstermyn self 'n aantal kerklikes geïdentifiseer van wie hy advies sou aanvaar. Hy het egter binne 48 uur na sy afdanking van Minister Nhlanhla Nene as minister van finansies op 9 Desember 2015, 'n onderhoud met leiers van die SARK toegestaan. Hy was immers diep in die moeilikheid. Tydens die lang en indringende gesprek is groot druk op hom geplaas om sy posisie as president te heroorweeg. Hy het egter voortgegaan met sy soort leierskap en bestuur van sake. Na die bevinding van die Konstitusionele Hof oor sy aandadigheid aan die Nkandla-fiasko en die feit dat hy nie sy grondwetlike verpligtinge nagekom het nie, is daar weereens uit die genoemde kerklike kringe baie druk op hom en die regering geplaas. Die NG Kerk moderatuur het toe reeds ons stem by ander kerklike liggame gevoeg dat hy behoort te bedank.

Mnr. Zuma se verhouding met mnr. Pravin Gordhan, Minister van Finansies en sy adjunk, mnr. Mecbisi Jonas was uit die staanspoor kompleks. Verdagte pogings om Mnr. Gordhan te diskrediteer het groot reaksie in die geld- en finansiële markte ontketen. Dit het al meer duidelik geword dat Mnr. Zuma se leierskap en aanslag die land baie geld en werksgeleenthede kos. Die Ministerie van Finansies en Tesourie het gelukkig in die pad gestaan van 'n groot aantal van Mnr. Zuma se planne. Toe Mnr. Jonas die beskuldiging maak dat hy op 23 Oktober 2016 deur

die Gupta familie geld aangebied is om Mnr. Nene as minister van finansies te vervang, was die slagordes opgestel. Mnr.Zuma se weerstand teen samewerking met die Openbare Beskermer en die regsproses wat uit haar voorlopige bevindinge oor ‘n moontlike staatskaping voortgespruit het, het die geloofwaardigheid van die regering en die leierskap van die ANC nuwe laagtepunte laat bereik.

Die kerk (ekumenies) het so gereeld as moontlik beswaar gemaak teen Mnr. Zuma se optrede. Alle vertoë het klaarblyklik op dowe ore geval. Reeds op 19 Mei 2016 het die moderatuur van die NG Kerk aan Mnr. Gordhan ‘n persoonlike brief van ondersteuning vir sy standpunte en etiek gestuur. Dit het gevolg nadat hy onder geweldige druk was en gevra het vir publieke steun. Die brief het wyd byval gevind. Op 19 Oktober het Mnr. Gordhan en Mnr. Jonas die Nasionale Kerkleiers Forum in Johannesburg in sy vertroue geneem oor die druk waaronder hulleself, die Departement van Finansies en Tesourie verkeer. Sy weergawe van die werklikheid was baie sorgwekkend.

Mnr. Zuma se besluit om sy kabinet te skommel en Mnre. Gordhan en Jonas af te dank, ander ministers oor wie daar selfs deur die hof bevind is dat hulle bevoegdheid tekort skiet, te behou en ministers in portefeuljes wat diepte kennis van die spesifieke veld waarvoor hulle verantwoordelik sal wees, vereis, aan te stel, sonder dat hulle enige agtergrond van die veld het, plaas die land in ‘n geloofwaardigheids- en bestuurskrisis. Dit laat ook die staat besonder kwesbaar vir manipulasie en uitbuiting in ‘n tyd waarin daar meer as net gerugte van misbruik en korrupsie is. Dit is daarom geen wonder dat Standard & Poor die land se kredietstatus afgegradeer het nie, met al die skadelike gevolge.

Die moderatuur van NG Kerk het in die laaste aantal dae sedert die kabinetskommeling, as deel van die ekumeniese kerk, weereens ernstige beswaar aangeteken teen Mnr. Zuma se optrede. Die ekumeniese liggame in SA waarby ons aansluiting vind en waaraan ons behoort, is onthuts oor Mnr. Zuma se optrede en ondersteun verantwoordelike verset teen sy leierskap. Ons het onder meer saam met SACLI ‘n dringende beroep gedoen op ANC parlementslede om nou hulle leiers verantwoordbaar te hou vir die enorme skade wat ons land aangedoen is. Ons het ook saam met ander kerke ‘n beroep gedoen op die regerende en opposisie partye om drasties op te tree om die geloofwaardigheid van ons land te herstel.

As moderatuur wil ons graag alle lidmate aanmoedig om alle moontlike demokratiese maatreëls saam met ander landsburgers in te span in verset teen die misbruik van mag deur die politieke leiers van ons land. Ons wil egter ook Christene oproep om hulle waardigheid te behou en veral so op te tree dat dit steeds Christus se liefde en vrede waardig sal wees. Dit is nou die tyd vir gelowiges om met ons optrede van die lewende hoop in Christus te getuig. Mag die Heilige Gees vir ons almal in hierdie tyd ‘n verbeelding gee vir ‘n land waarin mense versoenend en menswaardig saam leef en werk, en waar, soos Amos 5:24 sê, die reg aanrol soos watergolwe en geregtigheid soos ‘n standhoudende stroom.

Ons roep ook hiermee ons lidmate op om saam met ons toegewyd en dringend vir ons land en ons leiers te bid. Mag Hy dan ons land begenadig met leiers met ‘n visie wat tot almal se voordeel strek.

Klik asb hier om 'n PowerPoint af te laai vir gebruik in die gemeente.

Vriendelike groete

Nelis Janse van Rensburg
Namens die Moderatuur van die Algemene Sinode
Nederduitse Gereformeerde Kerk

Terug

SKRIFINTERPRETASIE EN SKRIFGESAG

Konferensie aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus

20 APRIL 2017

TE NG GEMEENTE PIETERSBURG-NOORD

Sprekers: Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk

PROGRAM

08:15 Registrasie
09:00 Verwelkoming

09:15	**Sessie 1**	**Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike hermeneutiek** Aanbieder: dr James Kirkpatrick met tyd vir bespreking
10:45	Tee	
11:15	**Sessie 2**	**Belydenisskrifte en die kanonisiteit van die Bybel** Aanbieder: dr Andries Kritzinger met tyd vir bespreking
12:45	Ete	
13:30	**Sessie 3**	**Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike etiek** Aanbieder: dr André van Niekerk met tyd vir bespreking
15:00	Tee	
15:20	**Sessie 4**	**Toemaak van die gesprekke** Elke aanbieder het 15 minute om die gesprek rakende sy tema toe te maak

16:15 Afsluiting
16:30 Verdaag

NEEM KENNIS
Dieselfde konferensie met dieselfde sprekers en in dieselfde formaat word ook op 27 Julie 2017 in Brits aangebied.

Terug

Skrifinterpretasie en Skrifgesag: Pietersburg-Noord

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM: 20 APRIL 2017		
Persoonlike	Naam	

inligting	Van	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	
	Kontaknommer (Selnommer)	

Registrasie	Fooi	**R350,00 per persoon**
	Kursus	**Skrifinterpretasie en Skrifgesag**
	Kursusdatum	**20 April 2017 (08:15 – 16:30)**
	Plek van aanbieding	**NG Gemeente Pietersburg-Noord** **H/v Dorp- & Woltemadestrate, Polokwane**
	Sluitingsdatum	**18 April 2017**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug

Kursusse en ander byeenkomste

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*
- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*

- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Teologiese studente en proponente:

** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*